NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
MEI 2025

# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL: VRAESTEL II

Tyd: 2½ uur | 100 punte

**LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR**

1. Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye. Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.

2. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE AFDELINGS:

   Afdeling A – Letterkunde (70 punte)
   Afdeling B – Transaksionele skryfwerk (30 punte)

3. Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy in jou Antwoordboek.

4. Nommer jou antwoorde presies soos die vrae genommer is.

5. ALLE vrae **moet in Afrikaans** beantwoord word.

6. Dit is in jou eie belang om **leesbaar** te skryf en jou werk **netjies** aan te bied.

IEB Copyright © 2025

## AFDELING A

## INSTRUKSIES VIR AFDELING A

1. Beantwoord **AL VIER** die vrae.

2. **Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy.** Skryf die vraagnommer boaan die bladsy.

3. Skryf jou **getal woorde** aan die einde **van die paragraaf in Vraag 2** en die **opstel in Vraag 4** neer.

4. Let op die puntetoekenning tussen hakies by elke vraag. Die getal punte bepaal die getal feite wat verwag word.


5. **BEPLANNING** (vir paragrawe en langer skryfstukke)

   5.1.1 Dit is 'n goeie idee om 'n **opstel of paragraaf** te beplan voordat jy dit neerskryf.

   5.1.2 Skryf die opskrif: BEPLANNING boaan. Trek 'n streep deur jou beplanning sodra jy klaar is met jou skryfstuk.

   Jou beplanning in hierdie afdeling word **nié bepunt nie** – dit is slegs om jou te help om die antwoord goed te formuleer.

   **VOORBEELD:**

| **BEPLANNING**<br>(linkerkantse bladsy) | **SKRYFSTUK**<br>(regterkantse bladsy) |
|---|---|
|  |  |
| (Moenie te veel tyd aan die beplanning bestee nie.) | (bv. 205 woorde) |

## AFDELING A PROSA

## *DONKER WEB* – FANIE VILJOEN

Beantwoord die volgende **VIER** vrae oor die roman *DONKER WEB.*

## VRAAG 1 KORT KONTEKSTUELE VRAE

> Ons huis in Sandhurst het 'n skemeragtige plek geword, meestal sonder klank, buiten vir 'n luiende selfoon, 'n motor in die straat, 'n sjef wat kosmaak in die kombuis, of wanneer ek doelbewus musiek hard aansit om die stilte te verdryf.
>
> Kom jy die huis binne, is daar altyd hierdie swaar gevoel wat binne jou lê, soos 'n opgekrulde slang.
>
> So het dit begin voel die aand toe ons by die huis arriveer nadat ek teen die middel van matriek weg is by Lawson Kollege, nou al 'n jaar en 'n half gelede. So iets. Ook tyd het 'n ander betekenis gekry in hierdie somberte. Dae het verbygegaan terwyl jy afgestomp daardeur worstel, net om aan die einde …

[bl. 11]

1.1 Waarom is Greg in die middel van sy matriek-jaar by Lawson Kollege weg? (1)

1.2 Wie was Greg se meisie in matriek en waarom het hy gedink sy het hom in matriek met iemand verneuk (*cheat*)? (2)

1.3 Saam met wie het Greg altyd die grense getoets en adrenaliensportsoorte gedoen? (1)

1.4 Greg is op pad Stellenbosch toe. Waarom gaan hy nie in 'n besigheidsrigting studeer nie? (1)

1.5 Plank vertel vir Greg daar is iemand wat voortdurend vrae oor hom vra. Ken Greg die vrou? Motiveer jou antwoord. (1)

1.6 Gedurende O-week help Greg om voor te berei vir Vensters. Waarom neem hy nie die Vrydagaand daaraan deel nie? (1)

1.7 Greg gaan Paasnaweek terug Johannesburg toe.

1.7.1 Waarheen wil hy gaan? (1)

1.7.2 Wat wil Greg daar gaan doen? Noem twee goed. (2)

IEB Copyright © 2025

> Ek kry my tasse en stap met die trappe op na my plek. Sluit oop en loop binnetoe. Ook hier is dit donker. Ek sit die lig aan.
>
> My oog vang die laptop. Die skerm is opgeslaan. Ek het dit beslis toegemaak. My lessenaarlaai staan ook effens oop.

[bl. 68]

1.8 Wat het Greg in sy woonstel agter die skildery weggesteek wat gelukkig nie gesteel is nie? (1)

1.9 Wie het dit (Vraag 1.8) vir hom gestuur? (1)

1.10 Waarom het die woorde teen die glasdeur Greg ontstel? (1)

1.11 Wie is die een persoon wat Greg nie wou vra om hom te help om die Baker te soek nie? Gee sy naam en van. (1)

1.12 Wat gebeur met Tom nadat hy vir Greg laat weet dat hy (Vraag 1.11) hom nie gaan help nie? (1)

**[15]**

IEB Copyright © 2025

## VRAAG 2 PARAGRAAF EN KONTEKSTUELE VRAE

> Dis soos 'n skaakspel van woorde. Nie een van ons twee wil nou die groot skuif maak nie, want ons moet mekaar eers uitkyk. Sien waar ons nou staan met die omgevalle skaakstukke van die verlede tussen ons.
>
> Skielik sit Xander sy hand op die agterkant van my nek. Sy greep verstewig. Ferm trek hy my weg van die Medusa-pilaar waar meer toeriste nou saampak en foto's neem. Hy is nog steeds so sku vir foto's soos destyds, sien ek toe ek onthou van die dag op die strand in Jeffreysbaai.

[bl. 136]

2.1 Wat is in die twee pakkies wat Xander aan Greg stuur nadat Greg Xander gevra het om hom te help? (2)

2.2 Waarmee vra Greg sy nuwe buurvrou, Chloe, om hom te help? (1)

2.3 Kies die korrekte antwoord. Skryf slegs die vraagnommer en letter op jou Antwoordblad neer:

*Waarom volg Greg nie Xander se instruksies oor die twee pakkies nie?*

A Greg hou van naalde en plant dit dadelik in sy hand.
B Plank spring hom voor en plant dit in sy hand in.
C Chloe probeer 'n kuns-projek daarvan maak.
D Greg wil die naald na 'n tatoeëerwinkel vat sodat hulle dit korrek sal inplant. (1)

2.4 Xander vind uit dat Greg nie sy instruksies gevolg het nie. Waarom wou Xander nie verder vir Greg gehelp het om die Baker te vind nie? (1)

2.5 By wie gaan bly hulle nadat Xander vir Greg vergewe het? (1)

2.6 Kies die korrekte antwoord. Skryf slegs die vraagnommer en antwoord op jou Antwoordblad neer.

*Hoe probeer Xander en Greg om die Baker op te spoor?*

A Hulle het op die donkerweb iemand gesoek wat gewere verkoop.
B Hulle het 'n advertensie geplaas vir 'n sluipmoordenaar.
C Hulle het 'n advertensie geplaas vir 'n gifstof.
D Hulle het op die donkerweb begin rondvra oor die Baker. (1)

2.7 Waarom was Xander kwaad vir Greg toe hy die gebrande boek in sy tas gekry het? (1)

IEB Copyright © 2025

| |
|---|
| My oë fynkam Elsewhere se webblad vir die soveelste keer. Daar is geen versteekte skakels nie. Geen invoerveld nie. Net 'n webblad. |

[bl. 186]

2.8 Wie is Mr Elsewhere en watter ontstellende boodskap stuur hy aan Greg en Xander? (2)

2.9 Xander het 'n paar reëls neergelê wat Plank moes volg toe hy alleen uitgegaan het.

Skryf 'n paragraaf van tussen **80 en 120 woorde** waarin jy Xander se reëls en die gevolge daarvan verduidelik.

In jou paragraaf moet jy aandag aan die volgende gee:

- Hoe het Plank twee van Xander se reëls (in Istanboel) oortree wat daartoe gelei het dat die Baker vir Xander en Greg opgespoor het? (2)
- Wat het gebeur dat hulle moes vlug? (1)
- Hoe straf Xander vir Plank uiteindelik vir al die kere wat hy dinge opgemors het? (1)
- Wat gebeur met Plank nadat Xander, Ayla en Greg wegry? (1)

**[15]**

IEB Copyright © 2025

## VRAAG 3 DIALOOG

Voltooi die volgende dialoog tussen Rina en Oom Dirk. Skryf SLEGS die vraagnommer en Dirk se woorde in jou antwoordboek neer. Laat 'n reël na elke antwoord oop.

Rina gesels met Oom Dirk nadat hulle by die huis aangekom het.

3.1 Rina: Baie dankie Dirk vir alles wat jy vir die kinders gedoen het. In watter stad het jy vir Greg en Xander gevind?

Dirk: … (1)

3.2 Rina: Waarom het hulle aanvanklik vir jou weggehardloop?

Dirk: …. (1)

3.3 Rina: Hoe het julle die eerste foto van die Baker se gesig geneem?

Dirk: … (1)

3.4 Rina: Hoe het julle geweet dat julle na Venesië toe moes gaan?

Dirk: ... (1)

3.5 Rina: Venesië is so 'n romantiese stad en daar is altyd baie toeriste. Hoe het julle dit reggekry om die Baker tussen almal op te spoor?

Dirk: Ons het … (1)

3.6 Rina: Dis 'n baie slim idee. Maar waarom het Greg die selfoon in 'n blombak gelos?

Dirk: … (1)

3.7 Rina: Xander was seker baie kwaad. Ek kan verstaan hoekom die foon nie meer daar was toe hulle by die plek aangekom het nie. Wie het hulle gesê waarheen om te gaan?

Dirk: …. (1)

3.8 Rina: Greg het so iets genoem. Wat het hy bedoel toe hy gesê het die man het saam met die Baker gewerk?

Dirk: … (1)

3.9 Rina: Waar het Greg toe vir Plank gekry?

Dirk: … (1)

3.10 Rina: Hy het blykbaar sleg gelyk. Hoe het hy vir Xander en Greg probeer waarsku dat dit 'n lokval was?

Dirk: … (1)

3.11 Rina: Waarheen het die wagte hulle geneem en wie het daar vir hulle gewag?

Dirk: … (2)

3.12 Rina: Waar was jy en Ayla toe dit alles gebeur het en hoe het julle by hulle uitgekom?

Dirk: … (2)

3.13 Rina: Hoe het julle die Baker se aandag afgetrek om weg te kom?

Dirk: Xander het hom vertel dat … (1)

**[15]**

IEB Copyright © 2025

## VRAAG 4 OPSTEL

> Met 'n glas wyn in die hand soek ek 'n stil plek buite op die enorme balkon. 'n Vlak ondertoe glim die Lawsons se swembad. Die seebries pluk effens aan my hare toe ek my baadjie oopknoop en die vars lug diep inasem.
>
> "Kom sit," sê iemand. Ek kyk oor my skouer na die man op die rusbank. Stap nader. "Jy is soos my vrou. Hou ook nie van so 'n klomp mense nie."
> …
> Nou eers sien ek hom duideliker. 'n Ouerige man. Skraal gesig vol plooie. Silwergrys hare, agteroor gekam.

[bl. 72–73]

Sebastian Stadler en sy vrou beweeg onaantasbaar rond na die drama van *Project Nursery Rhyme.* Skryf 'n opstel van tussen **250 en 400 woorde** waarin jy die opkoms en val van dié antagonis bespreek. Verwys ook na hoe hy Greg en Xander (protagonis) se lewens beïnvloed het.

**Onthou:**
- Jou opstel moet 'n inleiding en slotparagraaf hê. Hierdie paragrawe moenie te lank wees nie.
- Onthou asseblief om jou beplanning aan die agterkant van die bladsy te doen (sien instruksies) en dood te trek.
- Gebruik die kolpunte hieronder vir jou paragraafindeling.
- Die punte tussen hakies dui aan hoeveel feite verwag word.
- Skryf die getal woorde aan die einde van jou opstel neer.

---

**A Inleiding**

---

**B Uitschotskraal**

- Waarom het Rian Trollip as kind by die Stadler familie grootgeword? (1)
- Het die twee seuns enige iets stouts aangevang? Motiveer jou antwoord deur te verwys na enige een van die goed wat hulle as jong seuns saam gedoen het. (1)
- Tydens Sebastian Stadler se grootwordjare het hy by sy pa geleer van gifstowwe. Wat het hy as kind vergiftig en opgestop? (1)
- Wat het Sebastian dan met die opgestopte "ding" gedoen? (1)
- Hoe het hulle pa vir Rian en Sebastian as kinders gestraf? (1)
- Waarom moes Rian Trollip stilgemaak word? (1)

**C Ambisieuse Projekte**

- Wat is die naam van die projek waarby Stadler in die apartheidsjare betrokke geraak het? (1)
- Waarom wou ander lande Stadler werk aanbied nadat die projek in Suid-Afrika gestop is? (1)
- Wie het Stadler aan Dok Pienaar en Chris Owen voorgestel? (1)
- Waarmee moes Stadler hulle op die stadium help? (Noem twee goed.) (2)
- Wat was hulle motief agter hulle nuwe projek, Project Nursery Rhyme? (1)

**D Die groot val**

- Waarom het Stadler nooit tronk toe gegaan toe dr. Pienaar en Chris Owen is nie? (1)
- Aan watter misdaad is hulle skuldig bevind? (1)
- Met watter nuwe projek was Stadler en Valkyrie besig toe Greg na hom begin soek het? (1)
- Stadler wou Greg vergiftig. Waar kry Greg die teenmiddel wat sy lewe red? (1)

**E Wraak** *(revenge)*

- Wat doen Xander toe die Baker aanhou vertel waarmee hy besig is? (1)
- Wie kom in die chaos weg? (1)
- Wat doen die persoon om wraak te neem teen Xander en Greg? (1)
- Wie is die ongelukkige persoon wat sy lewe moet opoffer (*sacrifice)* sodat Greg en Xander lewendig kan wegstap? (1)

**F Slot**

**Assessering:** 5 punte word toegeken vir 'n goed gestruktureerde opstel wat aan die voorgeskrewe vereistes voldoen. (5)

**[25]**

**70 punte**

IEB Copyright © 2025

## AFDELING B TRANSAKSIONELE SKRYFWERK

### INSTRUKSIES VIR AFDELING B

1. Beantwoord **ALBEI** vrae in hierdie afdeling.

2. Begin elke vraag op 'n **nuwe bladsy**. Skryf die vraagnommer boaan die bladsy neer.

3. Skryf die **getal woorde** aan die einde van elke vraag neer.

4. Tydens die assessering van hierdie afdeling sal na die volgende gekyk word:

   - kennis van die vereistes van die spesifieke skryfstuk
   - interpretasie van die opdrag
   - inhoud en idees
   - register en toon
   - taalgebruik



5. **Beplanning van skryfstukke**

   Dit is 'n goeie idee om jou skryfstuk te **beplan** voordat jy dit begin skryf. Die beplanning word egter nie gemerk of bepunt nie.

   5.1 Skryf die opskrif, BEPLANNING, boaan.

   5.2 Trek 'n **streep deur jou beplanning** sodra jy klaar is met jou skryfstuk.

**VOORBEELD VAN BEPLANNING:**

| **BEPLANNING**<br>(linkerkantse bladsy) | **SKRYFSTUK**<br>(regterkantse bladsy) |
|---|---|
|  |  |
| (Moenie te veel tyd aan die beplanning bestee nie.) | (bv. 205 woorde) |

IEB Copyright © 2025 

## VRAAG 5 SKOOLKOERANTBERIG

**Situasie:**
Tydens jou skoolloopbaan het jy en jou vriende aan baie aktiwiteite deelgeneem en lekker pret gehad.

**Opdrag:**
Skryf 'n koerantberig vir jou skoolkoerant **(150–220 woorde)** waarin jy terugkyk op 'n suksesvolle skoolloopbaan en vertel van:
- hoogtepunte in jou skoolloopbaan;
- die uitdagings wat jy oorkom het;
- die lesse wat jy geleer; en
- hoe dankbaar jy is oor jou spesiale vriende wat saam met jou die pad gestap het.

Onthou dat hierdie 'n transaksionele skryfstuk is waarin jy meer moet uitbrei as bloot die vrae aan te spreek. Indien jy nie by die woordtelling hou nie (te kort of te lank skryf) sal jy gepenaliseer word.

**[20]**

## VRAAG 6 DAGBOEKINSKRYWING

**Situasie:**
Vandag is die eerste dag van die res van jou lewe. Jy het gister jou laaste vraestel geskryf en jou toekoms lê voor jou uitgestrek.

**Opdrag:**
Skryf 'n dagboekinskrywing van **60–100 woorde** waarin jy van jou planne vir die Desember vakansie/volgende ses maande vertel:
- **wat** gaan jy doen;
- **waarom** gaan jy dit doen;
- **wanneer** gaan jy dit doen; en
- **saam** met wie gaan jy dit doen?

Onthou dat hierdie 'n transaksionele skryfstuk is waarin jy meer moet uitbrei as bloot die vrae aan te spreek. Indien jy nie by die woordtelling hou nie (te kort of te lank skryf) sal jy gepenaliseer word.



[Bron: <www.pinterest.co.uk>]



[Bron: <www.pintrest.co.za>]

**[10]**

**30 punte**

**Totaal: 100 punte**

IEB Copyright © 2025